1 Maart 2024 - Lesing 250 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Die naderende einde vereis meer arbeid in die wingerd **–** 5/1/62

**NO: 8072** Na elkeen van julle gaan die oproep uit om te dink aan die erns van die tyd. Niemand van julle moet dit ligtelik opneem nie, niemand moet glo dat hy nog baie tyd oor het nie. Elkeen van julle wat gewillig is, - julle moet nog ywerig julle bes doen in My wingerd, want die arbeid van elkeen is nuttig wanneer dit verrig word met liefde, om nog 'n siel te kan red.

Ek sien die vele ongelukkige siele wat nog ver van My verwyderd is, omdat hulle sonder geloof lewe en hulle aardse bestaan slegs wêrelds benut. En waar Ek nog 'n moontlikheid sien om die siel deur My aanspreking te wen, **daar lei Ek julle heen**. Ek lei julle gedagtes en aktiwiteite en doen so dat die siele in besit kom van My genadegawe, **in besit van My Woord wat julle van bo toestroom.**

Julle moet glo dat julle nog baie kan bydra tot die verlossing van die dwalende siele. Julle mag julleself nie laat ontmoedig nie, maar moet onophoudelik besig wees. Want dan sal julle daarvoor van My ook waarlik die krag ontvang, **sodat julle volgens My Wil werksaam sal kan wees.**

Julle moet egter ook begryp dat hoe naderby die einde te bemerk is, hoe groter die verlange sal wees **om te geniet van die dinge van die wêreld**. Aan 'n einde glo die mense nie. Daarom is hulle totaal onbekommerd in hulle wense en begeertes. **Dit is soos in die dae voor die sonvloed.** Hulle eet en hulle drink, hulle gee in die huwelik uit. Hulle sal lewe in sprankelende lus en die deure open vir die sonde. Want My teenstander het die oormag by die mense en hy sal dit waarlik goed gebruik. En julle gaan hierdie tyd met rasse skrede tegemoet.

**Elkeen is in gevaar** om voor die versoekings en aktiwiteite van My teenstander te beswyk, indien hy nie aan My dink en nie vra om My beskerming en hulp nie. **Wie egter in My glo, sal homself ook tot My wend en nie verlore gaan nie**.

En wie My wil dien, sal ook My besondere genade kan ervaar, maar hy moet ag gee op My instruksies en **homself verlossend besighou**. Dit kan julle ook voortdurend doen deur julle medemens **te wys op wat gaan kom.** Deur hulle te **vermaan en te waarsku** waar dit maar moontlik is, wanneer julle My Woord aan hulle bring.

Elke werk wat julle sal doen sal geseënd wees, al is die resultaat nie onmiddelik waarneembaar nie. Laat julle nie ontmoedig as julle veel weerstand vind nie. **Hou nie op om My dienende medewerkers te wil wees nie**.

Dink aan die **groot geestelike nood** wat orals te sien is en verrig julle verlossingsarbeid deur **die verspreiding van My evangelie van die liefde en die deurgee van My Woord wat 'n groot bron van krag is.** Dit kan die siele nog beroer wat heeltemal verhard is en wat daarom aan My teenstander behoort.

Glo My Woorde want julle sal spoedig die waarheid daarvan erken. Die mensdom gaan met rasse skrede die einde tegemoet want die tyd is vervul en dit sal gebeur soos wat dit steeds weer verkondig is in woord en geskrif. Amein.